

Septembereksamen

Punte: 300

Tyd: 3 ure

Vraag 1 Maatskappye: transaksie-ontleding (17 minute, 28 punte)

Jy word voorsien van inligting van Mini Beperk vir die finansiële jaar geëindig 30 Junie 20.8.

Gevra

- 1.1 Verduidelik kortliks hoekom 'n maatskappy 'Beperk' of 'Bpk.' as deel van die naam moet hê. (3)
- 1.2 Ontleed die transaksies vir die huidige finansiële jaar soos dit in die verskafte tabel verskyn.
Dui die rekening gedebiteer, die rekening gekrediteer en die effek op die Rekeningkundige Vergelyking (plaas 'n '+' voor die bedrag indien dit verhoog, 'n '-' voor die bedrag as dit verminder of 'n '0' indien daar geen effek is nie). (22)
Transaksies vir die jaar geëindig 30 Junie 20.8:
Voorbeeld: Ouditfooie ten bedrae van R18 000 is betaal.

Nr.	Rekening gedebiteer	Rekening gekrediteer	B	=	E	+	L
Byvoorbeeld	ODUITFOOIE	BANK	- 18 000		- 18 000		0

- 1.2.1 Verdere 150 000 aandele is teen R3.50 elk uitgereik.
- 1.2.2 Interim dividende ten bedrae van R32 000 is aan aandeelhouders betaal.
- 1.2.3 Voorlopige belastingbetalings ten bedrae van R153 450 is aan SAID gemaak.
- 1.2.4 Die belastingassessering vir inkomstebelasting beloop R158 640 vir die jaar.
- 1.2.5 'n Finale dividend van 20 sent per aandeel is verklaar.
- 1.3 Die maatskappy is van plan om die ooblywende onuitgereikte aandele volgende jaar uit te reik. Hoeveel aandele sal die maatskappy uitreik? (3)

Inligting

- Die onderneming is in 20.5 gestig met goedgekeurde aandeelkapitaal van 600 000 gewone aandele.
- Teen 1 Julie 20.7, die begin van die huidige finansiële jaar, het die onderneming 350 000 uitgereikte aandele gehad.

Vraag 2 Onafhanklike vrae (33 minute, 54 punte)

Let wel: Die volgende drie vrae is almal onafhanklik van mekaar.

Vraag 2.1 Finansiële verhoudings (30)

Bestudeer die volgende Balansstaat van Ramsy Handelaars Bpk. op bladsy 315 en bereken die ontbrekende bedrae.

Balansstaat van Ramsy Handelaars Bpk. op 30 Junie 2008.

BATES		
Nie-bedryfsbates		
Tasbare bates	(A)	
Finansiële bates		
Vaste deposito	50 000	
Bedryfsbates		(B)
Vorrade	(C)	
Handels- en ander ontvangbare bedrae	(D)	
Kontant en kontantekwivalente	20 000	
TOTALE BATES		(E)

EKWITEIT EN LASTE		
Kapitaal en reserwes		(F)
Gewone aandelekapitaal	340 000	
Behoue inkomste	(G)	
Nie-bedryfslaste		(H)
Bedryfslaste		150 000
Handels- en ander betaalbare bedrae	150 000	
TOTALE EKWITEIT EN LASTE		(E)

Addisionele inligting

- Die skuld-eienaarsbelang verhouding is 0,5 : 1
- Die bedryfsverhouding is 3 : 1
- Die vuurproefverhouding 1,2 : 1
- Die netto batewaarde per aandeel is R2.10
- 200 000 aandele is uitgereik.

Vraag 2.2 Korporatiewe bestuur

(6)

Suid-Afrika speel 'n leidende rol om goeie korporatiewe bestuur aan te moedig. Die King Kode word gewoonlik as 'n goeie voorbeeld van die wetgewing gebruik. Een van die voorstelle van die King Kode is dat maatskappye ook vereis word om as deel van hulle jaarverslae die bydraes wat hulle aan gemeenskappe, byvoorbeeld maatskaplike- en omgewingsaangeleenthede te meld.

Gevra

- 2.2.1 Gee 'n voorbeeld van 'n maatskappy wat aan hierdie aspek van die King Kode voldoen. Verduidelik kortliks watter bydrae die maatskappy tot die gemeenskap maak. (3)
- 2.2.2 Jy het 'n opmerking gehoor dat maatskappye primêr na die belange van die aandeelhouers moet omsien en nie die wyer gemeenskap nie. Verduidelik hoekom hierdie opinie nie deesdae ondersteun sal word nie. (3)

Vraag 2.3 Dissiplinêre prosedures

(18)

Inligting

Mary, 'n skoonmaker, wat in een van die departemente werk is ontslaan deur die maatskappy. Die Algemene Bestuurder van die maatskappy beweer dat sy 'n koffiemenger, vier koppies en R200 uit die kleinkashouer wat in die sekretaresse se laai gelaat was, gesteel het. Die kleinkashouer was gesluit. Mary nader die KVBA om haar met haar saak te help.

Martin was die laaste vyf jaar werksaam by 'n maatskappy. Hy het nooit enige van sy siekverlof geneem nie, tot ongeveer 'n jaar gelede. Hy is ontslaan omdat daar beweer is dat hy MIV/Vigs het. Die maatskappy het Martin ontslaan omdat hy so baie siekteverlof geneem het gedurende die ses maande voor hy ontslaan is en die maatskappy is bekommerd dat hy ander werknemers sou aansteek. Martin het nie aan iemand sy MIV/Vigs status bekend gemaak nie. Hy nader die unie om hom te help om die probleem op te los.

Vrae

- 2.3.1 Waarvoor staan die afkorting KBAV? (2)
- 2.3.2 Verduidelik kortliks die rol van die KBAV. (3)

- 2.3.3 Die maatskappy het verkeerd teenoor Mary opgetree. Watter dissiplinêre prosedure moes hulle gevolg het? Noem EEN prosedure. (2)
- 2.3.4 Het Martin reg opgetree om nie sy MIV/Vigs status bekend te maak nie? Motiveer jou antwoord. (4)
- 2.3.5 Hoe moes die maatskappy teenoor Martin opgetree het? Noem EEN voorstel. (3)
- 2.3.6 Hoe kan die maatskappy voorkom dat sulke optrede in die toekoms sal plaasvind? Noem twee voorkomingsmaatreëls. (4)
- (54)**

Vraag 3 Kontantvloeiestate en verhoudings

(42 minute, 70 punte)

Jy ontvang details wat in die Finansiële State van Robertson Beperk vir die jaar geëindig 30 Junie 20.8. verskyn. Vergelykende syfers vir die vorige jaar word ook verskaf. Hulle het goedgekeurde aandeelkapitaal van 60 000 gewone aandele.

Gevra

- 3.1 Bereken die rente op leningsbedrag soos dit op die Kontantvloeistaat sal verskyn. (5)
- 3.2 Gee die Aantekening by die Kontantvloeistaat vir die rekonsiliasie tussen wins voor belasting en kontant uit bedrywighede gegenereer. (17)
- 3.3 Voltooi die Kontantvloeistaat. Geen ander Aantekeninge word vereis nie. Die bedrae vir die Aantekeninge moet tussen hakies op die Kontantvloeistaat verskyn. Die bedrae vir die beleggingsaktiwiteite is reeds vir jou voltooi. (20)
- 3.4 Beantwoord die volgende vrae:
- 3.4.1 Jy besit 25 000 gewone aandele in Robertson Beperk. Die Direkteure beplan om alle onuitgereikte aandele gedurende die volgende rekeningkundige periode teen R6 per aandeel uit te reik. Wat is die minimum aantal aandele wat jy moet koop om die beherende aandeelhouer van die maatskappy te bly? Bereken die totale koste van hierdie belegging. (6)
- 3.4.2 Die maatskappy wil aansoek doen om 'n oortrekkingsfasiliteit op hulle bankrekening sodat hulle 'n afleweringsoortuig kan koop ten bedrae van R200 000. Indien jy die bankbestuurder was, sou jy die aansoek goedgekeur het? Verskaf TWEE redes vir jou besluit. (5)
- 3.4.3 Bereken die totale dividend per aandeel vir die 20.8 finansiële jaar. (5)
- 3.4.4 Bereken die netto batewaarde per aandeel op 30 Junie 20.8. (4)
- 3.5 Jy is onseker wat die waarde van die aandele is omdat jy 'n aanbod van 'n voornemende koper, Sam Samuels, van R6.50 per aandeel aangebied is. 'n Ander koper, Ben Basson bied jou R3.50 per aandeel aan.
- 3.5.1 Gee TWEE moontlike redes hoekom Sam bereid is om so 'n hoë offer te maak. (4)
- 3.5.2 Gee TWEE moontlike redes hoekom Ben slegs R3.50 per aandeel ge-offer het. (4)

Inligting

Vergelykende syfers oor die vorige jaar word verskaf. Robertson Beperk het goedgekeurde aandeelkapitaal van 60 000 gewone aandele.

Besonderhede wat in die Inkomstestaats van Robertson Limited vir die jaar geëindig 30 Junie 20.8 verskyn

Omset	672 000
Waardevermindering op toerusting	9 120
Rente op lening	11 880
Netto inkomste voor belasting	48 216
Inkomstebelasting	17 136
Netto inkomste na belasting	31 080

Besonderhede wat in die Na-afsluitingsproefbalans op 30 Junie verskyn:

	20.8 R	20.7 R
Gewone aandelekapitaal	192 000	144 000
Behoue inkomste	63 000	48 120
Lening van Goodwill Bank	42 000	60 000
Grond en geboue	166 320	96 000
Toerusting teen boekwaarde	52 080	66 000
Vorrade	106 200	102 120
Handelsdebiteure	15 960	52 800
Bank	39 240	31 200
Handelskrediteure	67 000	75 000
Opgelope uitgawes/betaalbaar: Rente op lening	1 440	6 560
SAID: LBS	1 400	1 960
SAID: Inkomstebelasting	5 760 (Kt.)	3 480 (Kt.)
Aandeelehouers vir dividende	7 200	9 000

Finansiële aanwysers, verhoudings en persentasies bereken deur die Finansiële State te gebruik

	20.8	20.7
Opbrengs op aandeelehouersbelang	6,95%	12,1%
Opbrengs op kapitaal aangewend	10,9%	15,2%
Verdienste per aandeel	64.75c	72c
Dividend per aandeel	?	25c
Skuld-ekwiteitsverhouding	0,17 : 1	0,31 : 1

Addisionele inligting

- Dividende**
'n Interim dividend, gelyk aan die finale dividend per aandeel van die vorige jaar, is verklaar en aan aandeelehouers op 3 Januarie 20.8 betaal. Die nuwe aandeel is eers op 1 Februarie 20.8 uitgereik.
- Belasting**
Inkomstebelasting betaalbaar vir die vorige rekeningkundige periode is op 10 Julie 20.7 betaal. Voorlopige belastingbetalings vir die huidige jaar moet bereken word.
- Tasbare bates**
Toerusting is gedurende die rekeningkundige tydperk teen drawaarde verkoop. Geen toerusting is aangekoop nie.
- Aandelekapitaal**
Op 30 Junie 20.8, was daar 48 000 uitgereikte aandeel.

ROBERTSON BEPERK KONTANTVLOEISTAAT VIR DIE JAAR GEËINDIG JUNIE 20.8

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite		
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		(65 520)
Tasbare bates gekoop		(70 320)
Opbrengs uit vervreemding van bates		4 800
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		

Netto verandering in kontant en kontantekwivalente		

Vraag 4 Produksiekostestaat

(30 minute, 50 punte)

Gevra

Gebruik die volgende inligting, geneem uit die rekords van Delta Vervaardigers, en berei die volgende voor:

- 4.1 Die gedetailleerde Produksiekostestaat vir die jaar geëindig 28 Februarie 20.9. (10)
- 4.2 Die volgende Aantekeninge by die Produksiekostestaat:
- 4.2.1 Direkte materiaalkoste (5)
- 4.2.2 Direkte arbeidskoste (3)
- 4.2.3 Fabrieksbo-koste (22)
- 4.3 Bereken:
- 4.3.1 Die totale produksiekoste per eenheid voltooide goedere. (3)
- 4.3.2 Die direkte materiaalkoste per eenheid. (3)
- 4.3.3 Die verkoopsprys per eenheid teen die normale winsmarge. (4)

Inligting

- 1 Opsomming van transaksies en ander inligting vir die rekeningkundige tydperk geëindig 28 Februarie 20.9.

	R
Materiaal gekoop	
Direkte materiaal	260 000
Indirekte materiaal	10 600
Lone betaal:	
Direkte arbeid	180 000
Indirekte arbeid	32 000
Salarisse	
Fabriek	125 000
Administratiewe personeel	60 000
Verkoopspersoneel	70 000
Huur: fabrieksgebou	47 300
Versekering	12 000
Water en elektrisiteit	10 000
Werkloosheidsversekeringsbydraes	
Direkte arbeid	900
Indirekte arbeid	160
Vraggeld betaal	
Direkte materiaal	4 600
Indirekte materiaal	400
Waardevermindering op fabriekstoerusting	42 000
Waardevermindering op kantoortoerusting	15 000
Direkte materiaal uitgereik vir produksie	257 365

2 Saldo's op

	20.8/03/01 R	20.9/02/28 R
Direkte materiaalvoorraad	25 800	?
Werk-in-prosesvoorraad	42 300	46 400
Voltooide goederevoorraad	65 000	68 000
Verbruiksgoedere voorraad:		
Indirekte materiaal	800	900
Verpakkingsmateriaal (verkoopsdepartement)	400	200

- 3 Die fabriekshuur vir Februarie 20.9 is nog uitstaande. Op 1 Julie 20.8 word die huur met R275 per maand verhoog. Die gebou is vir die volle finansiële jaar gehuur.
- 4 Huur en versekering word volgens gebruikte vloeroppervlak geallokeer. Die perseel is 2 000 m² en hierdie spasie is soos volg geallokeer:
- | | |
|--------------------------|----------------------|
| Fabriek | 1 500 m ² |
| Verkope- afdeling | 300 m ² |
| Administratiewe afdeling | 200 m ² |
- 5 80% van al die water en elektrisiteit word deur die fabriek gebruik.
- 6 Gedurende die jaar is 35 000 eenhede voltooi.
- 7 Voltooide goedere word verkoop teen 'n winsmarge van 25% op kosprys.
- 8 Die totale produksiekoste van voltooide goedere is R700 000.

Vraag 5 Begrotings

(12 minute, 20 punte)

Moserwa Phalatse beoog om sy eie besigheid, Moserwa Handelaars, te begin.

Gevra

Bestudeer die gegewe inligting van die Kontantbegroting vir die eerste drie maande van die onderneming se bestaan en beantwoord dan die vrae.

- 5.1 Bestudeer die begrote bedrag vir Moserwa Handelaars vir advertensie. Stem jy saam met Moserwa se advertensieplanne? Lewer kortliks kommentaar. (4)
- 5.2 Moserwa voel dat hy nie kan oorleef op die onttrekkings ten bedrae van R18 000 per maand nie. Hy wil sy onttrekkings met 50% verhoog. Is hierdie 'n geldige opsie vir Moserwa volgens jou opinie? Verduidelik. (3)
- 5.3 Watter persentasie van sy verkope sal op krediet wees? Toon jou berekeninge. (3)
- 5.4 Moserwa wil haar kredieture na 30 dae betaal. Bereken die persentasie kontantkorting wat sy verwag om te ontvang in Maart 20.6. (4)
- 5.5.1 Bereken die beraamde persentasie debiteure wat na een maand hulle rekeninge ten volle sal vereffen. Geen korting sal aan debiteure toegestaan word nie. (3)
- 5.5.2 Volgens jou, is die debiteure-invordering voldoende? Verduidelik kortliks. (3)

Inligting

Kontantbegroting vir Februarie tot April 20.6

	Februarie 20.6 R	Maart 20.6 R	April 20.6 R
Kontantontvangstes			
Kapitaalbydrae	196 000		
Kontantverkope	270 000	275 400	280 908
Ontvang van debiteure	0	54 000	88 380
Lening: DUDU Bank (18% p.j.)	144 000	0	0
TOTALE ONTVANGSTES	610 000	329 400	369 288
Kontantbetalings			
Kontantaankope van voorraad	90 000	91 800	93 636
Krediteurebetalings	0	86 400	88 128

Grond en geboue	300 000	10 000	10 000
Toerusting	50 000	15 000	15 000
Advertensies	30 000	0	0
Onttrekkings	18 000	18 000	18 000
Rente op lening	0	2 160	2 160
Vloerbestuurder se salaris	10 000	10 000	10 000
Lone vir die drie winkel-assistente	9 000	9 000	9 000
Ander bokoste-uitgawes	76 600	53 000	45 000
TOTALE BETALINGS	583 600	295 360	290 924
Kontantsurplus/(tekort)	26 400	34 040	78 364
Bank (beginsaldo)	0	26 400	60 440
Bank (eindsaldo)	26 400	60 440	138 804

Addisionele inligting

- Moserwa Phalatse beoog om 'n winsmarge van 100% op kosprys toe te pas en hy verwag die volgende verkoopsyfers:

Februarie 20.6	R360 000
Maart 20.6	R367 200
April 20.6	R374 544
- Hy wil die voorraad op 'n maandelikse basis vervang en hy wil die handelsvoorraad saldo teen R216 000 hou.

Vraag 6 Tasbare bates

(30 minute, 50 punte)

Bestudeer die rekeninge van Gauteng Winkels en beantwoord die volgende vrae. Die finansiële jaar eindig elke jaar op 31 Desember.

Gevra

- Al die toerusting is op 1 Januarie 20.6 gekoop. Watter waardeverminderings-metode word gebruik? Doen 'n berekening om jou antwoord te bewys. (4)
Waardevermindering word teen 20% per jaar afgeskryf.
- Bereken die waardeverminderingsbedrag wat op 30 Junie 20.8 (B) afgeskryf behoort te word. (9)
- Bereken (A). (4)
- 6.4.1 Verskaf die besonderhede en die bedrag vir (D). (2)
- 6.4.2 Verduidelik hierdie inskrywing. (3)
- 6.5 Watter vervreemdingsmetode is gebruik om van die toerusting ontslae te raak? (2)
- 6.6.1 Bereken die opbrengs uit die toerusting verkope (F). (5)
- 6.6.2 Die markwaarde van die verkoopte toerusting is R18 000. Die eienaar is bekommerd omdat dit teen 'n verlies verkoop is. Verskaf twee moontlike redes hoekom dit teen 'n verlies verkoop is. (6)
- 6.6.3 Verskaf een maatreef wat geneem kan word om toekomstige verliese te voorkom. (3)
- 6.7 Bereken die bedrag wat as waardevermindering op toerusting op 31 Desember 20.8 (C) afgeskryf moet word. (7)
- 6.8 Die huidige markwaarde van die perseel is R680 000, tog het Gauteng Winkels dit vir R420 000 gekoop. Wat is die bedrag wat Gauteng Winkels in hulle Balansstaat sal staaf en watter AARP-beginsel word hier toegepas? (3)
- 6.9 Watter AARP-beginsel is van toepassing wanneer waardevermindering op bates afgeskryf word? (2)



Inligting

ALGEMENE GROOTBOEK VAN GAUTENG WINKELS

Dt. TOERUSTING B4 Kt.

20.8 Jan.	1	Saldo	a/b	50 000	20.8 Jun.	30	Bateverkope	AJ	20 000
Jun.	30	Bank	KBJ	30 000	Des.	31	Saldo	o/d	60 000
				80 000					80 000
20.9 Jan.	1	Saldo	a/b	60 000					

OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING: TOERUSTING

B5

20.8 Jun.	30	Bateverkope	AJ	(A)	20.8 Jan.	1	Saldo	a/b	1 000
					Jun.	30	Waardevermindering	AJ	(B)
					Des.	31	Waardevermindering	AJ	(C)

BATEVERKOPE

N8

20.8 Jun.	30	(D)		(E)	20.8 Jun.	30	Opgehoopte waardevermindering: Toerusting	AJ	(F)
							Debiteurekontrole	AJ	(H)
							Verlies met verkoop van bate	AJ	520

Vraag 7 Bankversoening

(16 minute, 28 punte)

Gevra

Beantwoord die vrae:

- 7.1 Berei die Bankversoeningstaat op 30 Junie 20.4 voor. (10)
- 7.2.1 Een van die gelyste tjeks is nog nie aan die Bank voorgelê vir betaling nie, is verkeerd hanteer. Watter tjek is dit? Verskaf een rede vir jou keuse en verduidelik hoe om die fout reg te stel. (4)
- 7.2.2 Wat is die dubbelinskrywing om hierdie tjek te boekstaaf? (2)
- 7.2.3 Dui die invloed van hierdie transakise op die Rekeningkundige Vergelyking aan. (2)
- 7.3 Volgens die Bankrekords, het Ndlovu Winkels 'n gunstige banksaldo of 'n oortrokke banksaldo? (2)
- 7.4 'n Tjek ontvang van Ndlovu Winkels op 25 Junie 20.4 gedateer 14 Augustus 20.4, verskyn nie op die Bankversoeningstaat nie. Verduidelik. (3)
- 7.5 Verduidelik hoe tjeknr. 945 hanteer behoort te word wanneer die finansiële state voorberei word. Die tjek is aan 'n krediteur uitgereik. (3)
- 7.6 Watter aksie sou Ndlovu Winkels neem indien 'n tjek deur 'n ander onderneming uitgereik, op hulle Bankstaat verskyn? (2)

Die volgende items verskyn in die Bankversoeningstaat van Ndlovu Winkels met jaareinde, 30 Junie 20.4.

Debitsaldo volgens die Bankstaat	3 215
Uitstaande deposito's deur die Bank	5 308
Uitstaande tjeks	
Nr. 515 (gedateer 15 Desember 20.3)*	500
Nr. 891 (gedateer 9 April 20.4)	240
Nr. 945 (gedateer 20 Julie 20.4)	2 225
Nr. 946 (gedateer 30 Junie 20.4)	493
Foutiewe krediet op die Bankstaat	1 131
Saldo soos per Bankstaat	?

*Tjeknr. 515 is uitgereik aan SA Pension Fund ter betaling van die werknemers se pensioenfondsbydraes.